



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VIRTUEEL GEHOU OP WOENSDAG, 15 SEPTEMBER 2021 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdh O M Stemele
Rdh R F van der Westhuizen
Rdd M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdh M Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdd M van Zyl om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat **KENNIS GENEEM** word van die verskoning ontvang vanaf die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys.

3. VORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 18 AUGUSTUS 2021

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 18 Augustus 2021 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word,

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 11 AUGUSTUS 2021

5.1.1/...

5.1.1 **MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 **SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 **ONTWIKKELINGSDIENSTE**

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 **BESKERMINGDIENSTE**

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

7. **NUWE SAKE**

7.1 **NOTULE VAN 'N MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 25 MEI 2021 (5/15/1/3)**

Die Prestasie en Risiko Ouditkomitee dien as 'n onafhanklike adviserende liggaam wat deur die Raad aangewys word om sy funksies in terme van Artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) te vervul.

Die notule van 'n vergadering van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee gehou op 25 Mei 2021 is met die sakelys gesirkuleer en bevat geen aanbevelings aan die Raad vir verdere oorweging nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 25 Mei 2021.

7.2 **KAAPSE/WESKUS SWARTLAND TOERISME ORGANISASIE, 2020/2021 FINANSIËLE JAAR: (1) VERSLAG VAN VOORSITTER, (2) SLEUTEL PRESTASIE-AREAS, (3) FINANSIËLE STATE (9/1/3/2/1)**

Die betrokke verslae van die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-organisasie ten opsigte van die 2020/2021 finansiële jaar word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê ingevolge die bepalings van die Raad se Diensvlakkooreenkoms met die organisasie vir die uitvoering van die toerismefunksie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van

- (a) die inhoud van die Voorsittersverslag;
- (b) die meting van prestasiebestuursindikatore vir die periode 1 Julie 2020 tot 30 Junie 2021; en
- (c) die inhoud van die finansiële state vir die 2020/2021 finansiële jaar.

7.3 VOORGESTELDE HUUR VAN 'N GEDEELTE ERF 483, MALMESBURY VIR PARKEERDOELEINDES: SA POSKANTOOR (12/1/2-8/7)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het gedurende April 2016 goedkeuring verleen vir die huur van addisionele parkeerplek agter die poskantoor, a.g.v. die verhoogde druk op parkeerplek in die omgewing van Hill-, Piet Retiefstraat en Voortrekkerweg, Malmesbury.

'n Huurooreenkoms is gesluit met die SA Poskantoor vir die huur van elf parkeerplekke vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 1 Augustus 2016. Die huurooreenkoms is vir 'n verdere tydperk van twee jaar en elf maande (om met die boekjaar saam te loop) hernut en loop tot einde op 30 Junie 2022.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die elf parkeerruimtes geleë op 'n gedeelte van erf 483, Malmesbury van die SA Poskantoor gehuur word vir 'n verdere periode van drie jaar met ingang vanaf 1 Julie 2022 en wel ten bedrae van R3 113,00 per maand, BTW uitgesluit vir Jaar 1 (2022/23), onderhewig aan 'n jaarlikse eskalاسie van 7%;
- (b) Dat gemelde huurgeld en eenmalige aansuiwering van die deposito asook administratiewe fooi teen posnommer 9/220-785-2183 in die multi-jaar bedryfsbegroting verreken word, en gemelde posnommer aangesuiwer word om die uitgawe te akkommodeer;
- (c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om die ooreenkoms (of addendum tot bestaande ooreenkoms) met die SA Poskantoor namens die Munisipaliteit te mag onderteken.

7.4 HUUROOREENKOMSTE/LEASE: GOUE JARE DIENSSENTRUM (NPO 033-729) (17/9/2/R)

Verteenwoordigers van die Munisipaliteit, waaronder die Onderburgemeester, raadsdame Maude Goliath, raadsheer Monde Stemele en rdl Patricia Solomons en verskeie amptenare het op 1 September 2021 met 'n afvaardiging van ses verteenwoordigers van die Goue Jare Bestuursraad vergader.

BESLUIT

- (a) Dat Goue Jare Dienssentrum (NPO 033-729) skriftelik in kennis gestel word dat die Munisipaliteit in beginsel bereid is om een van die onderverdeelde gedeeltes van Erf 2724 (na konsolidasie met 'n gedeelte Erf 2719) in Varingstraat, Malmesbury, aan hulle beskikbaar te stel vir die oprigting van 'n sentrum, met dien verstande dat:
 - 'n finale besluit oor die beskikbaarstelling van gemelde eiendom, hetsy onder 'n huurooreenkoms of andersins, eers geneem sal word wanneer die vereniging 'n besigheidsplan indien wat die finansiële aspekte van die projek meer volledig en tot bevrediging van die burgemeesterskomitee aanspreek; en
 - die vereniging gemelde brief sal mag gebruik om fondse te werf vir die voorgestelde sentrum.
- (b) Dat die vereniging egter ook ander opsies sal ondersoek vir sowel die kort- as langer termyn.

7.5 HUUR VAN MUNISIPALE MEENTGROND TE MALMESBURY / SWARTLAND VOORTREKKERS (12/2/4-8/4)

Die Raad verhuur aan die Swartland Voortrekkers 'n gedeelte munisipale meentgrond, groot ± 2082m², geleë oorkant die Swartland Hoërskool te Malmesbury, wat gedeeltelik in die bestaande padreserwe val.

7.5/...

BESLUIT

- (a) Dat 'n gedeelte meentgrond (groot $\pm 2082\text{m}^2$) te Malmesbury, aan die Swartland Voortrekkerkommando verhuur word vir termyn van een (1) jaar m.i.v. 1 September 2021;
- (b) Dat huurgeld vasgestel word op R120,00 plus BTW, per jaar;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.6 HUUROOREENKOMS: YZERFONTEIN KLINIEK (17/9/2/R)

Die Raad verhuur, met ingang 1 Maart 2020, spasie ($\pm 21\text{m}^2$) by die Yzerfontein Gemeenskapsaal aan die Departement Openbare Werke vir die aanbod van mobiele kliniekdienste.

BESLUIT

- (a) Dat 'n huurooreenkoms aangegaan word met die Departement van Openbare Werke vir die huur van die fasiliteite by die Yzerfontein gemeenskapsaal vir 'n verdere tydperk van 36 maande;
- (b) Dat die tarief van R1211,12 per maand plus BTW, wat styg met 6% per jaar, goedgekeur word;
- (c) Dat die huidige huurvoorwaardes van toepassing bly.

7.7 UITSTAANDE DEBITEURE: AUGUSTUS 2021 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Voorsitter doen 'n beroep op die Direkteure om die personeel met uitstaande debiteure aan te spreek en dat alle nuwe aanstellings 'n kontrak teken om die munisipaliteit toestemming te gee om 'n debietorder vanaf die bankrekening te trek.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Augustus 2021.

7.8 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Augustus 2021 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.9 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES VIR DIE AANSTELLING VAN 'N SEKURITEITSMATSKAPPY (8/1/B/2)

Swartland Munisipaliteit het as deel van die 2020/21 kapitaalbegroting die Standard Bank en Nedbank geboue aangekoop. Die beplanning om die geboue as kantore in te rig is in 'n gevorderde stadium (op datum van die vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee was die kontrakteur reeds op terrein).

Op 19 April 2021 was daar ontdek dat vandale die Standard Bank gebou betrek het. Die gebou is in so 'n mate beskadig dat die Munisipaliteit op 'n dringende basis die gebou moes beskerm teen verdere inbrake en/of beskadiging.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

7.9/...

- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word nie om tenders uit te nooi nie, maar om die aanvaarding van die kwotasie vir die aanstelling van Dogs & All tot R31 970,00 (BTW ingesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses aangeteken word as:
 - (i) Die inbraak in die gebou was van so 'n aard dat die Raad dit nodig gehad het om dit teen verdere skade te beveilig;
 - (ii) Die afspraak is 'n noodgeval om munisipale eiendom teen vandalisme te beskerm;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe teen posnommer:9/217-1017-1311 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is vir die bestelling ter waarde van R31 970,00 BTW ingesluit;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 21988 (8/1/B/2)

Die Munisipaliteit gebruik 'n kompakteervragmotor, CK 21988, in Riebeek-Wes en Riebeek Kasteel om die afvalverwyderingsdienste te lewer. Die vragmotor is 'n 2014-UD CW26 370FC-model, toegerus met 'n kompakteerder wat verwyder is van 'n ouer vragmotor wat uitgedien geraak het.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel van die vragmotor CK21988 vir 'n bedrag van R159 070,51 BTW uitgesluit;
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die vragmotor sal vir 'n lang tydperk buite werking gelaat word;
 - (ii) Dit sal lei tot 'n mislukking in die kapasiteit van afvalverwyderingsdienste en risiko's vir openbare gesondheid;
 - (iii) Die herstelwerk aan die vragmotor word dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe teen posnommer: 9/241-1253-709 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is vir die bestelling ter waarde van R159 070.51 BTW uigesluit;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DOMPelpOMP BY ABBOTSDALE RIOOLPOMPSTASIE (8/1/B/2)

Die Abbotsdale rioolpompstasie versamel en vervoer rou riool vanaf Abbotsdale na die Malmesbury WWTW en is toegerus met twee pompstelle. Beide pompe het gelyktydig meganiese foute opgedoen as gevolg van vreemde voorwerpe in die stelsel en tot die oorstroming van rou riool aanleiding gegee.

Besluit/...

7.11/...

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel van die dompelpompe by die rioolpompstasie in Abbotsdale deur CAW vir 'n bedrag van R35,200.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die dompelpompe sou vir 'n lang tydperk buite werking gelaat gewees het na die behoorlike proses;
 - (ii) Dit sou gelei het tot die oorstromings van rou riool in die omgewing en die faling van die rioolversamelingstelsel;
 - (iii) Die herstelwerk aan die pompe moes dus as 'n noodgeval hanteer word;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe teen posnommer: 9/239-849-425 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is vir die bestelling ter waarde van R35,200.00 BTW uigesluit;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.12 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DOMPELPOMP BY INLAATWERKE BY MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die inlaatwerke by die Malmesbury WWTW ontvang rou riool en die werking van die dompelpompe is van kritiese belang in die behandelingsproses. In die geval waar die behandelingsproses onderbreek word kan dit daartoe lei dat rou riool in die verspreidingsnetwerk opstoor en stortings by mangate veroorsaak.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel van 'n dompelpomp by die inlaatwerke van die Malmesbury Afvalwaterbehandelingswerke deur CAW vir die bedrag van R75,033.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses aangeteken is as volg:
 - (i) Die dompelpomp sou vir 'n lang tydperk buite werking gelaat gewees het na behoorlike proses;
 - (ii) Dit sou lei tot mislukking van die behandelingsproses, die oorstroming van rioolafvoerstelsel en 'n onderbreking in die riooldiens;
 - (iii) Die herstelwerk aan die pomp moes dus as 'n noodgeval hanteer word.
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe teen posnommer: 9/239-849-425 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is vir die bestelling ter waarde van R75,033.00 BTW uigesluit;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**